### Hoofstuk 64 - 'N GRUWELDAAD AS 'N GELYKENIS. (09.08.1840) HIM1.076

01] Ten Slotte gee Ek jou 'n klein nota omtrent 'n gruweldaad wat hier gepleeg is (in die wingerd van Andr. H. naby Graz) meer as sewentig jaar gelede. Maar jy mag nie verder daarvan gebruik maak nie.

02] 'n Eienaar van hierdie herehuis het 'n vrou gehad wat volgens julle wette wettiglik met hom in die eg verbind was, saam met wie hy vir drie jaar in onenigheid geleef het, as gevolg van 'n hoer wat hom welgevallig was.

Hy het 'n huis in die stad gehad en was daar 'n burger, maar weens sy hoerery het hy sy vrou en kind hier laat woon (in die herehuis).

04] Toe hy sy fortuin vermors het deur sy losbandige manier van lewe, wou hy sy vrou van haar fortuin ook beroof, omdat die bekoorlike hoer nie meer na hom wou luister in sy, deur haar verarmde, toestand nie.

05] Toe het hy eendag uitgekom na sy vrou en haar onophoudelik daaroor geteister dat sy hom haar fortuin moet gee. Maar omdat sy dit nie wou doen nie, selfs nie onder enige geveinsde voorwaarde wat hy voorgestel het nie, het hy uiteindelik geglo dat hy haar daartoe kon dwing deur haar te mishandel.

06] Dit was omtrent hierdie tyd van die jaar en omtrent die negende uur in die aand toe hy haar begin mishandel het. Sy het hom egter afgeweer, so goed as wat sy op daardie tyd kon. Maar dit het haar niks gehelp het nie; het hy 'n tou geneem, dit om sy vrou se nek gegooi en haar verwurg en gedink dat die vrees vir die dood haar sou dwing om haar fortuin af te staan.

07] In die vrome eenvoud van haar hart het sy bloot die vaste besluit geneem om te sterf in plaas daarvan om hom in sy hoerery te ondersteun. Dit is waarom hy haar tot middernag verwurg het, waarna sy, onder baie pyne, haar gees uitgeblaas en haarself aan My oorgegee het.

08] Toe hy sien dat sy regtig dood was, het hy so geskrik, dat hy vir 'n ruk lank sy bewussyn verloor het.

09] Uiteindelik, uit vrees vir die gereg, het hy 'n sluwe besluit geneem, 'n lig, 'n pik en 'n graaf geneem, en 'n gat van vyf grawe diep gemaak, haar ingegooi met klere en al en haar daar begrawe. En dit alles net onder die wynpers, waar niemand haar sou kry nie. - Maar teenoor sy kennisse het hy gelieg en vir hulle gesê, in rou, dat hy vrou sy verloor het.

10] Die destydse baie louwarm regbank het hier en daar 'n kort geskrewe navraag oor sy gedrag gemaak.

11] Maar die oorlede vrou kon nie meer onder die sterflinge gevind word nie.

12] En dit was in daardie tyd so maklik om hierdie daad weg te steek, want dit was, soos julle sê, nie heeltemal duidelik in hierdie land oor wie was die meester en wie die dienskneg, of wie was die kok en wie was die kelner nie.

13] Wel, daar het jy nou ook hierdie voorval! Maar sover dit die name van hierdie mense betref, moet jy nie veel omgee nie, omdat alles in My boek opgeteken is, en selfs die vlerk van 'n muskiet sal nie vir ewig verlore wees nie.

14] Hierdie paar reëls bevat groot dinge (as 'n teenbeeld van die bose menslike siel), maar hulle is moeilik om te kou. Daarom, spaar jou tande en haas jou nie met hierdie neut nie. Nog net 'n klein tydjie tot die tande sterk word! - Amen. Ek, ewige Wysheid. Ewige wysheid. Amen.

### Hoofstuk 65 - DIE WESENLIKE. NASKRIF TOT DIE **'GRUWELDAAD' (11.08.1840) HIM1.078**

01] Pasop, jou stomme, dowe en blinde beterweter! Dink jy Ek is 'n storieverteller soos 'n ou vrou of 'n domme kletskous soos jy, want onder die duisend woorde waarmee jy die lug besmeer, is daar nouliks een enkele halfwaardige woord! Jy sien, dit is Ek absoluut nie, maar My Woorde is Krag en Lewe en in wese waar.

02] Sodra Ek jou by geleentheid 'n toepaslike beeld gee, **wat ooreenstem met jou innerlike self**, moet jy nie soek vir 'n daad wat lankal verby is nie, wat meer as sewentig jaar gelede gebeur het en wat nie van veel belang is nie; maar **jy moet slegs na My koninkryk soek,** wat Ek, om jou hart verstandiger te maak, op allerhande wyses aan jou voorstel, soos Ek dit in die tyd van die apostels gedoen het.

03] Maar hoe dwaas is jy wanneer Ek jou die goue skatte van die hemel bied – dat jy steeds wellustig na uitskeiding en vrot wurms gryp! O jou dwaas! Het jy gedink Ek gaan julle wêreldregter 'n kriminele kletskous maak? O, jy het jou geweldig vergis! Ekself is 'n regverdige Regter, en as sodanig het Ek nie jou regbank nodig nie. Want, wat deur My veroordeel word, sal vir ewig veroordeel bly. Maar julle regbanke is onregverdig en vol boosheid (dit wil sê, sonder Liefde) en hulle verderf alles (geestelik) wat hulle oordeel.

04] Maar Ek oordeel elkeen volgens sy liefde – soos wat jou, volgens jou blindheid, jou oordele jou sleg en vol onheil maak.

05] Dit is hoekom jy glad nie moet oordeel nie, sodat jy nie geoordeel word nie – maar slegs moet leer, verbeter en onskadelik maak, die boosheid van diewe, rowers en moordenaars.

06] En daarom gee Ek jou ten slotte hierdie raad: **Lees hierdie misdaad as 'n gelykenis en soek jouself daarin**, in die nederigheid en ware liefde vir My. Dan sal Ek jou graag tot hulp kom en jou in My Genade lei. Want julle harte moet gevorm word en die sintuie van jul gees moet verstandig word. En daardeur moet jou ganse wese lewendig word in My Liefde.

07] Laat dus die dode dan dood wees en wees nie bekommerd vir hulle name nie, maar streef veelmeer daarna dat julle name in die Boek van die Lewe opgeteken is! **Streef veral na My Koninkryk en sy ewige Waarheid!** Alle ander dinge sal op die regte tyd aan julle gegee word. - Amen. Ek, die Ewige Liefde en Wysheid. Amen.